

SARS PERSVERKLARING OOR DIE CRRC AANGELEENTHEID

Tshwane, 21 Julie 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die uitspraak deur die Noord-Gautengse Hooggeregshof wat die aansoek deur die Chinese Spoorweg Rollende Voorraad Korporasie (CRRC) ter syde gestel het, vir SARS om geld terug te betaal wat uit hul rekening verwyder is ten opsigte van derdeparty aanstellings ingevolge artikel 179(6) van die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011, in 'n poging om uitstaande belasting in te vorder.

Artikel 179 van die Wet op Belastingadministrasie bemagtig SARS om belastingpligtiges se uitstaande belastingeskuld in te vorder van 'n derde party wat geld hou of skuld, of sal hou of skuld, vir of aan die belastingpligtige. Artikel 179(6) bemagtig SARS om dit te doen sonder om vooraf 'n aanmaningsbrief vir die belastingeskuld aan die belastingpligtige uit te reik, indien sodanige aanmaningsbrief die invordering van die skuld sal benadeel.

Hierdie positiewe uitspraak beskerm SARS se wetlike gesag om artikel 179(6) te gebruik om uitstaande belasting in te vorder, en verteenwoordig 'n noemenswaardige oorwinning vir SARS in sy voortgesette pogings om belasting in te vorder en nakoming af te dwing, veral onder die land se huidige beperkte ekonomiese omstandighede.

Die optrede van nienakomende belastingpligtiges ontnem die regering van wettige hulpbronne tot die nadeel van beide die staat en die Suid-Afrikaanse publiek wat staat maak op basiese dienste van die regering. SARS sal volhard in die nastreef van sy mandaat om alle verskuldige inkomste in te vorder sonder aansien des persoons of vooroordeel.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het SARS geprys vir die spoedige optrede om belasting, verskuldig aan die fiskus, in te vorder. Hy het gesê: "Enige vertraging in hierdie spoedige optrede, sou die fondse oorsee gerepatrieer gesien het, met wynig vooruitsigte om die skuld in te vorder. Daarbenewens bewys dit dat SARS op die regte pad is met die versterking van sy vermoë om nienakomende optrede en die gepaartgaande sin van strawweloosheid van bepaalde belastingpligtiges na te speur. Dit is 'n groot oorwinning vir die organisasie en burgers van die land."

Die kommissaris het afgesluit met: "SARS is vasbeslote om met ander wetstoepassende agentskappe saam te werk om op te volg met die Zondo-kommissie se aanbevelings in areas wat binne die wetlike raamwerk val wat belastingadministrasie in die bestuur van land. Hierdie vasberadenheid om met alle

toepaslike agentskappe saam te werk vertoon SARS se toegewydheid om geen poging te ontsien om diegene verantwoordbaar te hou vir staatskaping waar belastingmisdade gepleeg is nie".

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.